
# Om Reg Te Maak Vir Storms



**2020-04-26**

**AGS Rayton**

**Past Gustav van Aardt**

# Inleiding



- Almal van ons beland iewers in storms.
- Daar is orals storms op die oomblik ook om ons.
- Hoe berei jy voor vir jou storms?
- Ons lees ook in die Woord waar Jakob ‘n storm sien aankom het, en doodsbenoud was.
- Onbekende….







# Skriflesing

- Gen 32:7,11
- Gen 22-31



Gen 32:7  Toe het Jakob baie bevrees en benoud geword,
Gen 32:11  Red my tog uit die hand van my broer, uit die hand van Esau, want ek is bang vir hom, dat hy sal kom en my doodslaan, die moeder saam met die kinders.

Gen 32:22  En hy het dieselfde nag opgestaan en sy twee vroue en sy twee slavinne en sy elf kinders geneem en deur die drif van die Jabbok getrek:

Gen 32:23  hy het hulle geneem en hulle deur die rivier laat trek, ook laat deurtrek wat aan hom behoort het.

Gen 32:24  **Maar Jakob het alleen agtergebly**, en ‘n Man het met hom geworstel tot dagbreek.

Gen 32:25  En toe Hy sien dat Hy hom nie kon oorwin nie, slaan Hy hom op sy heupbeen, sodat die heupbeen van Jakob uit lit geraak het in die worsteling met Hom.

Gen 32:26  Toe sê Hy: Laat My gaan, want die dag het gebreek. Maar hy antwoord: **Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën.**

Gen 32:27  En Hy vra hom: Hoe is jou naam? En hy antwoord: Jakob.

Gen 32:28  Toe sê Hy**: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie**, maar Israel; want jy het geworstel met God en met die mense en het oorwin.

Gen 32:29  Daarop vra Jakob en sê: Maak tog u Naam bekend! En Hy antwoord: Waarom vra jy tog na my Naam? En Hy het hom daar geseën.

Gen 32:30  Toe noem Jakob die plek Pniël; want, het hy gesê, ek het God gesien van aangesig tot aangesig, en tog is my lewe gered.

Gen 32:31  En die son het vir hom opgegaan net toe hy Pnuel verby was; en hy was mank aan sy heup.     (Afrikaanse  vertaling 1953)

# 1. Jakob was benoud en bevrees

*Gen 32:7  Toe het Jakob baie bevrees en benoud geword.*

*Gen 32:11  Red my tog uit die hand van my broer, uit die hand van Esau, want ek is bang vir hom, dat hy sal kom en my doodslaan, die moeder saam met die kinders.*


- Jakob was benoud en bevrees om sy broer Esau te ontmoet.
- Hy hoor Esau is oppad met ‘n weermag van 400 mans.
- Hy was bang vir dit wat nou op hom gewag het.



# 2. Spandeer tyd met God

*Gen 32:24  Maar Jakob het alleen agtergebly, en ‘n Man het met hom geworstel tot dagbreek.*

- Hy het met God deur die nag geworstel.
- Hoeveel tyd spandeer ons nog aan God?







# 3. Bid tot God

*Gen 32:26  Toe sê Hy: Laat My gaan, want die dag het gebreek. Maar hy antwoord: Ek sal U nie laat gaan nie tensy dat U my seën.*

- Bid vir God se beskerming en redding.
- Hy bid vir God se seën.
- Tree ons nog in vir onsself en ander by God.

**1 Tes 5:17 “Bid sonder ophou”**

# 4. Jakob se naam word verander

*Gen 32:28 Toe sê Hy: Jy sal nie meer Jakob genoem word nie, maar Israel; want jy het geworstel met God en met die mense en het oorwin.*

- Elkeen van ons se naam **moet** ook verander.
- Van verlore na gered. Verlore vs Gered
- Ons moet in Jesus Christus kom
- Jy verander. Nie weer dieselfde nie.
- Dit is al hoe jy die storms gaan kan hanteer.

2Kor 5:17 Daarom, as iemand in Christus is, is hy 'n nuwe skepsel; die ou dinge het verbygegaan, kyk, dit het alles nuut geword.

# 5. God voorsien vir Jakob

*Gen 33:4  Toe loop Esau hom tegemoet en omhels hom en val hom om die hals en soen hom; en hulle het geween.*

- Sy ontmoeting met Esau het besonders goed verloop.
- Was jy al tot die dood toe bekommerd, en dan het God vir jou deurgekom?
- Moet nie vergeet wat God al gedoen het vir jou nie, en wat Hy kan doen nie.

Psalm 102:28  Maar U bly dieselfde, en u jare het geen einde nie.

# 6. Toekomstige storms

- God het egter Jakob ook voorberei op storms wat nog oppad was:
- Baie hartseer wat vir hom voorgelê het
  - Dina
  - Ragel
  - Josef
  - Hongersnood



# Afsluiting

- Ons verstaan nie altyd al die storms wat oor ons pad kom nie.
- Ons gaan lidtekens oorhou van die storms en somtyds worsteling met God.
- Jy hou nie op nie.  Jakob het selfs in sy pyn nog steeds vasgehou. (Vers 26).
- Het jy Hom al van aangesig gesien in jou worsteling met God? (Vers 30)
- Jesus nooi nog steeds uit.

Mat 11:28  Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee.



# Kontak AGS Rayton

www.ags-rayton.co.za

https://www.facebook.com/groups/135697786607125/

gustavVA@gmail.com

WhatsApp: +27 66 486 5453

*Fotos is verkry vanaf* https://unsplash.com/
*The internet's source of freely usable images.*